

7 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 90:12-17 (NAV)
Fokusgedeelte: Psalm 90:14

Gebed om in liefde te lewe

As daar iets is wat ons saam met Moses weet en ervaar en beslis mee saamstem, is dat die lewe op aarde eintlik maar baie kort is. Dit voel soms vir ons baie lank, maar die lewe is eintlik baie kort. In die algemeen, as jy gesond is en was nie in een of ander ongeluk nie, dan is jou so lewe tussen 70 en 80 jaar lank (vs 10).

Baie mense is nie so gelukkig om 70 of 80 jaar oud te word nie. Soms kom die dood vinnig. In die môre is die gras nog groen, sterk, gesond en vol lewe en dan, ewe skielik, sou gou soos die aand tydens 'n besige dag kom, is die lewe verlep, verdroog, verby en dood (vs 5, 6). Sommige mense sterf as kinders, ander as tieners, jongmense en in hulle middeljare. Ons is nog nie deel van die ewigheid nie, net God is (vs 2). Die lewe is net 'n gedagte (vs 9) en daarom gou verby (vs 10).

Die vraag wat die digter in hierdie Psalm stel, is: Wat is die sinvolste wyse van lewe, wanneer die lewe só kort is? Hy antwoord kort en kragtig, maar helder: "Wees lief ..." Intendeel, hy bid dit van God af in vers 14: "Skenk ons elke dag u liefde in oorgloed." Daarom dat Jesus en Paulus skryf dat die liefde die grootste doel en opdrag in jou lewe moet wees (Matt. 22:34-40; 1 Kor. 13:13).

Die lewe is te kort om nie lief te hê nie. Wie liefhet, ervaar God. Wie liefhet, smaak die hemel. Wie liefhet, verleng sy lewe van 'n gedagte tot 'n ewigheid saam met God.

Bid, soos Moses in hierdie gebed, dat God jou kort lewe vol liefde sal maak. Aan wie kan jy vandag liefde bewys ('n getuie wees), wat iemand (dalk 'n ongelowige) se lewe vol liefde kan maak om God so te ervaar? God het jou só lief dat Hy sy Seun na die wêreld gestuur het om vir jou te sterf.

Sing: Psalm 90:1, 5 (2001)

Dr. AL Rheeder (Wesrand)